

Ontronding (*beur* word *beer*, *lui* word *lui*, ens.) is gedeeltelik aan Eng. invloed te wyte, maar nog meer aan die moeilikheid om die geronde en die ongeronde klanke uitmekaar te hou (*oe* en *o* word bv. nie ontrond nie), wat hom ook in Nedl. dialekte laat geld het.

Verdowwing is te verwag by ou, veelgebruikte woorde, bv. *vinoggend*, *wannir*, *rimoer*, *bityds*; as dit by "kultuurwoorde" voorkom, kan ons Eng. invloed vermoed: dis veel gebruikliker in Eng.; bv. *misjien*, Nedl. *masjiene* (enk.v.).

De-nasalering gaan reg teen die natuurlike besparingsbeginsel in: *mês* word *menns* (mens), *ôgenadig* word *onngenadig*, ens. Dit is gedeeltelik aan skooljufferinvloed te wyte, wat glo dat die skrif die uitspr. moet bepaal.

Halfklinkers.

Die *h* in Afr. is

- òf (1) weglating van die stembandklapper; bv. *en* × *hen*;
- òf (2) stemh. stembandglyer wat die klinker vergesel;
- òf (3) stemlose stembandglyer.

In die derde geval is dit waarskynlik Eng., veral omdat dit selfs vir die Engelsman 'n moeilike klank is.

Die Afr. *w* (stemh. liptandglyer) word dikwels na 'n medeklinker byna soos Eng. *w* uitgespreek: òf stemh. bilabiale glyer, òf stemh. bilabiale halfklinker; bv. *twee*, *swem*, *kwaai*. Moontlik is dit 'n gevolg van dissimilasie (tandklank + liptandklank moeiliker as tandklank + lipklank), soos in Nedl., wat in sulke gevalle 'n stemh. bilabiale glyer besig. Dikwels neem die agtertong in Afr. egter soos in Eng. die posisie vir *oe* in, terwyl dit in Nedl. neutraal is. V. ook Mansvelt 178.

Medeklinkers.

p, *t*, *k* word soms skerper (meer geaspireer) uitgespreek as wat in Afr. die reël is, byna soos Eng. Die normale Afr. *p* is so min geaspireer dat dit soms met *b* saamval: *plafon* × *blafon*. (So miskien *adjutant* × *adjudant*?)

gh (bv. *gholf*, *berge*) kan uit 'n Nedl. dialek, of uit Duits, of uit Eng. (deur Mal.-Port. en Bantoeinvloed gerugsteun) kom, of almal kon meegehelp het.

? (stemlose stembandklapper) verdwyn taamlik dikwels, tengevolge deels van Eng., deels van vinnig praat en werkbeparing (vgl. *hal-fdám pie*), deels van estetiese oorwegings (" 'n lelike klank").

sj (soos Eng. *she*) word alleen in vreemde woorde aangetref, bv. *Fouché, shilling, pasjent*. Die Afr. van 50 jaar gelede (vgl. getuienis van adv. J. H. H. de Waal) het die klank nie geken nie, en van *Foese, Marsant, sieling, Siena, Snese, Selót* (Charlotte), *pasent* gepraat. Nedl. gebruik dit ook nie in woorde soos *nationalist, patient* nie (*nasio-, pasi-*). Die uitbreiding van die klank vandag kan nóg aan Hugenate nóg aan Nedl. invloed toegeskryf word; bv. *Masoos* word *Mosjesj*.

tj word soms *tsj* (soos Eng. *chat*) aan die begin van woorde; hulle is byna altyd óf aan Eng. ontleen óf deur 'n Eng. bloedverwant beïnvloed; bv. *tjap, charter* (Nedl. *sj*), *tjalie, tjek, tjellis, tjienkerientjee* (Eng.-sprekendes praat meer van blomme as Afr.-sprekendes), *tjoekie, tjokvol, tjou-tjou*.

tj word soms *tsj* in die middel van woorde: *mantsjie* (mandjie); soos voorgaande en volgende waarskynlik meer weens Mal.-Port. as Eng. invloed.

j word soms *dj* (soos Eng. *jay*): *Kilimandjaro, djellie, djunior*; ook Mal.-Port. en Bantoeïnvloed (v. le Roux & Pienaar, noot bls. 118).

r (a) verswak soms tot die ongetrilde Eng. *r*: *fraai, trein*.

(b) verdwyn dikwels na 'n klinker: *hieso* (hierso) *naant* (naderhand), *daai* (daardie).

(a) is aan Eng. te wyte; (b) waarskynlik aan die besparingsbeginsel.

Assimilasie word vermy (vgl. de-nasalering): *hoenners* word *hoenders*, *hanne* word *hande*.

Opsomming.


Oor die algemeen is daar dus betreklik min invloed van die Eng. op die *inheems*-Afr. klankleer met sekerheid aan te wys.


Tempo, Stembuiging en Klemtoon.

Die verskil tussen steeds en plattelandse Afrikaners wat betref die snelheid waarmee hulle praat, is opvallend: die stadsbewoner moet in handel- en spreekwyse òf gou wees, òf ten onder gaan, want *tyd is geld*. Dat stadsbewoners vinniger as buitemense praat, is 'n omstandigheid wat in alle tye en op alle plekke opgemerk word, en in S.-Afrika sou dit gekom het al was hier nooit g'n Engelsman nie. Onder die huidige omstandighede moet ons egter sowel die neiging om vinnig te praat, wat vanuit die stedelike gebiede oor die hele Afr. spraakgebied aan sprei is, as die daarmee verwante neiging om die spraakorgane so min moontlik te beweeg (die Engelsman is berug vanweë sy teësin om sy mond oop te maak, sy lippe te roer, sy stem te veel af te wissel, vgl. Hopwood 39), aan Eng. invloed toeskrywe. Die neiging om die toonhoogte so min moontlik te laat styg of daal, kan miskien insgelyks toegeskrywe word daaraan dat die Eng. stembuiging en klemtoon egaliger as die Afr. is.

Omdat die tempo en die stembuiging egter nouer met die gevoelslewe samehang as die afsonderlike spraakklanke, en dus meer van algemeen-menslike invloede afhanklik is, kan bepaalde beïnvloeding moeilik aangewys word. Die volgende soort stembuiging moet egter as 'n besonder gevaarlike geval van Eng. invloed beskou word: die ligte verhoging van die stem aan die end van beleefde, versoenende, effens skrikkerige sinne, i.p.v. die gewone, natuurlike forse daling, wat onder sulke omstandighede te beslis, kortaf en onbeskof klink, bv.


Dankie! i.p.v. Dankie; Goeienaant; Hallo (d.w.s. Goein-


dag); Ekskuus (nie "Ekskuus?" nie, maar gelyk aan


"Excuse me" as mens bv. wil hê dat iemand moet padgee). Dit sal mens nooit by Afr.-sprekers hoor wat nie aan "verfyndheid" ly nie (bv. kleurling-plaasarbeiders), maar alleen by sprekers wat taamlik goed Eng. praat en beleefd probeer doen (v. Armstrong & Ward 21). Juis omdat

beleefdheidsformules so maklik uitbrei en vasgewortel raak, is dit gevaarlik en kan dit nie maklik uitgeroei word nie—dis emosioneel gekleur.

Onbetwyfelbare gevalle waar die Eng. die Afr. klemtoon beïnvloed het, is aan te wys alleen by basterwoorde (bls. 141).

(b) VAN BASTERWOORDE.

As die opgevoede en taalbewuste Afrikaner 'n bastereenheid skrywe, is die bevrugtende Eng. invloed selde te bespeur. Maar as selfs die mees Nedl.-opgevoede Afrikaner so 'n bastereenheid in die vryer spreektaal te voorskyn laat tree, bespeur ons die stert en hoor ons die hoewe van die Satang wat in die deftige mantel steek. So is die gedrukte *insek* heeltmal in orde; die gesproke *insek*, *iensek*, *iensekt* is 'n uitlander-gogga naas die Afr. *gogga* (al is laasgenoemde uit objektiewe oogpunt 'n Hottentotontlening), en *diertjie*, al bestaan *insek* ook sedert 1660 in Nedl., wat van ons standpunt gevaarlik laat was om in Afr. opgeneem of 'n volkswoord te word (bls. 121). Die algemeen-Afr. klemtoon (*insek* × Nedl. *inséct*) is in hierdie geval seker nie aan "inburgering" toe te skrywe nie.

Hoe gebruikliker 'n Eng. eenheid in die spreektaal in S.-Afrika is, hoe meer word die Afrikaner deur die Eng. verbinding en uitspr. beïnvloed; hoe boekagtiger 'n Eng. eenheid in S.-Afrika is, hoe meer is die Afrikaner geneig om die eenheid in Afr. 'n teoreties-analogiese verbinding en uitspr. te gee wat meer met die Afr. en Nedl. taalgewoontes in ooreenstemming is. So is *popjoelér* 'n baie populêre begrip in Eng., terwyl *kultuur* dit nie is nie en buitendien in Afr. buitengewone assosiasies het.

Aanduidings van Eng. invloed op die uitspr. van die basterwoord word onder die volgende hoofde aangegee:

- Basterwoorde*—(a) Klemtoon,
 (b) Klinkers,
 (c) Medeklinkers.

Vreemde woorde—Latyn, Frans, Italiaans.

Name—persone, plekke.

Metode van Onderzoek.

Met behulp veral van die vierde uitgawe van die Woordelys, is lyste basterwoorde opgestel (blss. 129-30) en aan persone uit alle dele van S.-Afrika, alle stande en alle ouderdomme voorgelê. Deur die toetspersone vinnig te laat lees en hul aandag nie by die uitspr. nie maar by die bestaan en betekenis van die woorde te bepaal, is so normaal moontlike uitspr. verkry. Daarna is verdere toetse opgestel om bepaalde klanke te ondersoek. Om die uitslae te kontroleer, is die persoon verder versoek om gedeeltes uit die lys vinnig af te lees waarin klanke voorkom wat nog nie heeltemal bevredigend vasgestel was nie.

Daar is geen aanduidings van die eintlike doel van die ondersoek gegee voor die afloop van die reeks ondersoekings nie.

(Voorbeeld van Toetslys.)

LYS E. (5).

1. Kan u die volgende sinne verstaan? Lees hulle hardop:

- (1) Co-educasie is 'n perfekte pedagogiese beginsel. Dit preventeer separatistiese segregasie en stimuleer delikate melodieusheid.
- (2) Die relativiteitsteorie van Einstein is die geheel waarvan Darwin se evolusieteorie 'n element is.

[Ens.]

2. Lees die volgende vrae hardop, en beantwoord hulle mondelings:

- (1) Wat genereer 'n dinamo?
- (2) Wat is die verskil tussen elementêre en sekondêre onderwys?

[Ens.]

3. Lees hierdie woorde vinnig af:

<i>AE</i> (ε):	allegro	dekagram	
	bimetallisme	desigram	
	co-educasie	deklarasie	
	debiteer	dekorasie	[Ens.]
<i>AE</i> (i):	effigie	inkonvenient	
	ellips	presbiteriaan	
	ellipties	reduksie	
	refereer	renonseer	[Ens.]
<i>AE</i> (ə):	allegorie	perkament	
	allegories	permanent	
	anneksasie	permitteer	
	departement	permutasie	
	deponeer	perpetueel	
		separasie	[Ens.]

(a) **Klemtoon.**

Honderde basterwoorde kan opgenoem word waarin die klemtoon van die Nedl. afwyk en met die Eng. ooreenstem : die klemtoon is na vore verskuiwe, òf na die eerste lettergreep, bv. *alfabet*, òf na 'n ander lettergreep voor die een wat die klemtoon behoort te dra, bv. *artillerie*, *rebellie*. Nogtans bestaan die moontlikheid dat die algemeen-Germaanse neiging om die klemtoon na die eerste lettergreep te verskuiwe, ook hier ingewerk het ; of dat van die normale klem soms om stilistiese redes afgewyk is. bv. *Sowel Nátuur as Skriftuur*, *Hy is nie óptimisties nie maar péssimisties*. Inwerking van die tweede faktor is by die ondersoek vermy, of anders in aanmerking geneem. Die Germaanse neiging tot klemtoonverskuiwing na vore laat hom geld alleen as 'n woord "ingeburgerd" raak, d.w.s. as die woord nie meer vreemd voel nie ; nie by alle Germaanse tale en op alle tydstoppe laat hierdie neiging hom egter ewe sterk geld nie, bv. Nedl. & Eng. *hóspitaal*, Duits *Spittál* (*Spíttel*), Afr. *hospitaál*. Dié neiging is die sterkste in Eng., waar vreemde woorde kort na hul orname op Eng. wyse beklemtoon word, bv. *gárage*, *cámoufláge*, *cóupé* ; dit is minder sterk in Nedl. ; in Afr. is dit swak. Afr. is dus meer geneig om by "ingeburgerde" woorde die nie-Germaanse klemtoon te behou as Nedl., en Nedl. weer as Eng. ; bv.

Afr. *luit(e)nánt* × Nedl. *luitenant* (ontleen 16e eeu)

hospitaál (gewoonlik) × *hóspitaal* (middeleeue : Mnl. *spittádel*)

almanák × *álmanak* (16e eeu)

bambóes × *bámboe(s)* (Oos-Indië, voor 1650)

oorláms × *óorlam* (Oos-Indië, voor 1650)

Miskien met uitsondering van *oorlams* voel hierdie woorde suiwer-Afr., d.w.s. hulle is deeglik "ingeburger". Nogtans het Afr. (soos dikwels in 'n afgesonderde dialek gebeur) die ouer vorms behou terwyl Nedl. aan verander was. Vind ons dus 'n woord wat in Afr. jonk is en tog van die oorspr. beklemtoning afwyk, bv. *mínister*, het ons des te meer rede om aan te neem dat 'n verstorende invloed ingewerk het, ook al het die Nedl. woord *dieselfde ontwikkeling deurgemaak*, bv. *álkohol*, wat in Nedl. uit die Middeleeue stam, maar in

Afr. betreklik jonk en vreemd is. Die sterkste versturende invloed is Eng. In verreweg die meeste gevalle is dgl. invloed met sekerheid te bepaal, omdat (a) die Nedl. nog met die klemtoon van die oorspr. woord ooreenstem, en (b) die gebruiksfere en ander kenmerke (bv. klanke) van die woord on-Afr. is :

Eng.-Afr. *atmosfeer* × Nedl. *atmosféer* (voor 1325 ontleen :
de Grave)

insek × *inséct* (1660)

bioskoop × *bioskóop* (begin 20e eeu)

Stel hierteenoor ou-Afr. woorde (ook Nedl.) soos *hárnas* (Mnl. reeds o.a. *hárnes*, *hárnis* ; buitendien 'n Bybelwoord, gewoonlik *harnás*, o.a. I Kor. 10:25), waarby Eng. invloed (van *hárness*) weens die gebruiksfere van die Afr. en van die Eng. woorde ondenkbaar is. Daarenteen sou ons aan Eng. invloed moet dink indien Afr. *álmanak* en Nedl. *almandk* gesê het ; by die beslissing oor 'n bepaalde geval moet dan egter ook op die ander toetsstene gelet word, bv. die relatiewe gebruiklikheid van die woord in Eng. en in Afr. (Afr. gebruik dit so te sê uitsluitlik, Eng. selde), die gebruiksfere van die begrip en die woord (alledaags in Afr.), die klanke van die Afr. woord, ens.

Soms stem die klemtoon van 'n jong woord ooreen nóg met die Nedl. nóg met die Eng. ; so 'n geval bewys dat die Nedl. uitspr. onbekend is, dat dit dus in Afr. 'n blote papierwoord is, en miskien dat die bestaan van die woord aan die dwang van die Eng. en nie van die Nedl. woord nie, toegeskrywe moet word ; bv.

Eng. *cátalogue* × Nedl. *katálogus* × Afr. *katalógus* ;
homeópathy × *homeopathíe* × *homeopátie*.

Dat dit by bv. *katalogus* wél die geval is, word bewys o.a. deur die veelvuldige gebruik van *catalogue* (die handel in S.-Afrika is nog byna heeltemal Eng. en stuur Eng. *catalogues*) Hierby sluit die hiper-korrekteid aan (bls. 132). Die Nedl. klemtoon is soms egter ook afwisselend, bv. *maníe* × *mánie*, *seríe* × *série*, *epidemié* × *epidémié*, *unifórm* × *úniform*, *tenór* × *ténor*, *katalógus* (onopgevoed). Die poësie bied soms die

geleentheid aan om die beklemtoning van 'n woord agter te kom. So sê prof. dr. T. J. Haarhoff in 'n toespraak voor die Akademie (DH 11.11.32):

*Wie bring na julle 'n lied wat die lieflikste **mélodie** fluister?* waar "elke lettergreep sy effektiewe (!) rol in die resultaat speel"! Dgl. toestande word skynbaar in die skryftaal egter stadigaan beter, al is dit miskien alleen deur jarelange studie in Nederland: "Eng. uitspraak van die tyd. Nou natuurlik *kontrás*" skrywe dr. F. C. L. Bosman by 'n sonnet waarin hy sing (Pluksels 9):

Ek min die kóntras, ewig kom en gaan.

Oor die uitslae van die klemtoon-toets is daar niks samevattends te sê nie, behalwe dat Eng. invloed alomteenwoordig is. Af en toe is 'n woord hiper-Nedl. Die redmiddel is verbeterde taalonderwys: 'n Paar voorbeelde kan deur die onderwyser gegee word; die leerlinge versamel meer. So word hulle bewus gemaak van 'n proses wat verkeerde gevolge kon hê as dit nie bewus rigting gegee word nie. Die vernaamste uitsonderings, soos *áblatief*, kan ook kortliks aangestip word, sodat die leerlinge die gevaar van onkundige analogiewerking besef. Die beste norm in hierdie verband is Koenen: *Verklarend Handwoordeboek*, wat die klemtoon van die Nedl. woorde aangee. Dit het geen nut om hier 'n volledige lys te gee nie; ons moet net herhaal dat selfs Afr. taalgeleerdes hulle aan ondinge soos *téllegrams*, *kóntak*, *kónteks*, *grámmofoon*, *bíoskoop*, *sípres* skuldig maak.

(b) **Klinkers.**

[L.W.—(1) Die Eng. uitspr. wat aangegee word is S.-Afr. Eng.

(2) Waar die transkripsie 'n uitspr. aangee waarnaas ook 'n ander taamlik gangbare bestaan, word dit met @ aangedui.

(3) Waar g'n belangrike klankkenmerke verlore sou gaan nie, is die uitspr. in Afr. letters aangegee, bv. *fainellittie* (Eng. *finality*.)]

In so te sê elke geval waar die Eng. uitspr. van die Nedl. verskil, stem die Afr. uitspr. nie met die Nedl. nie maar met die Eng. ooreen. Verteenwoordig die Afr. egter miskien die

uitspr. van die 16e en 17e eeuse Fr., Nedl. die hedendaagse Fr. ? Sowel die Fr. as die Nedl. uitspr. van die volgende klinkers is sedert 1500 feitlik onveranderd :

é (bv. *élite*) ongeveer soos Afr. *ee* in *een* ;
 o (oop, b.v. *do-cile*) „ „ Afr. *oo* in *oop* ;
 u (oop, bv. *du-pe*) „ „ Afr. *uu* in *uur*.

i (bv. *divinité*) kan nie onder algemeen geldende reëls gebring word nie ; dog daar die suiwer-Afr., soos te verwagte is, in hierdie soos in die ander gevalle in die eerste plek op Nedl. teruggaan, is die Fr. nie van veel gewig nie. Ook Nedl. leenwoorde uit ander tale pas hulle by die Nedl. uitspr. aan ; so moet die woord *ephemeridae* soos *eefeemeerie-daai* uitgespreek word, en nie soos mnr. Stals in “Patryshulle” 144, dit blykbaar uitgespreek het nie :

Mnr. Stals : “Hulle-is blote ephemeridae.”

Patrys : “Eff-merrie-wat ?” (soos Eng. *effimmerriedei*).

Uitspraak van die letter E.

e in Nedl. basterwoorde = (a) [e] in oop lettergrepe, bv. *Ame-rika* ;
 (b) [ɛ] in geslote lettergrepe, bv. *perspektief* ;
 selde (c) [ə] in geslote lettergrepe, bv. *preskripsie*.

e in Afr. basterwoorde hang van die Eng. af. (I.s. S.-Afrikaanse Eng. *i*, kyk op bls. 149.) Hier volg voorbeelde van 7 verskillende gevalle :

(1)

Fr. & Nedl. [ē]		Eng. & Afr. [ě]	
Fr.	élégant (eelee-)	Eng.	elegant (ellie-)
Nedl.	elegant (eelee-)	Afr.	elegant (ellie-)
Fr.	définitif (deefienie-)	Eng.	definite (deffinnitt)
Nedl.	definitief (deefienie-)	Afr.	definitief (deffinnittief)

Nog 'n paar voorbeelde uit honderde : dekkadensie (Nedl. *deeka-*), eggooësties (Nedl. *eegoo-*), megginnisties @ (Nedl. *meekaniestiek*), miggánies (Nedl. *meeganies*), pirsewwirrasie (Nedl. *perseeverasie*), semmie-popjoelêr (Nedl. *seemie, poopuulêr*), telliwwiesie (Nedl. *teeleevie-*). Kyk ook bls. 155.

(2)

Fr. & Nedl. [ē]*Eng. & Afr.* [i](Afr. varieer [*ie*—hoë *ee*])

Fr. énormité (eenormietee)	Eng. enormity (ienômittie)
Nedl. enormiteit (eenormieteit)	Afr. enormiteit (ienormieteit)
Fr. électrique (eelektriëk)	Eng. electric (ielektriëk)
Nedl. electrisch (eelektries)	Afr. elektries (ielektries)

Nog 'n paar voorbeelde: emosie (*iemosie*), elimineer (*ielimminneer* soos S.-Afr. Eng. *ielimminneit* t.o. Nedl. *eeliemien-*), emansipasie (*iemansipasie*), sekwestreer (*siekwes-* of *siekwes-* — *w* & *v* uitgespreek soos Eng.).

(3)

Fr. & Nedl. [ě]*Eng. & Afr.* [i]

Fr. effet (eff-)	Eng. effect (ief-)
Nedl. effect (eff-)	Afr. effek(t) (ief-) @.

So ook: *ieffektief* @, *iellips*, *iessensjueel* @.

(4)

Nedl. [ə] — *Eng. & Afr.* [ě].

Nedl. inconvenient (inkonfinnieënt) (vgl. V: bls. 156)	
Afr. inkonvenient (ienkonweenieënt) @	
Eng. inconvenient (ienkonweenieënt).	

So ook: Presbitterieaans (Nedl. *Presbietirrie-*), preeskripsie (Nedl. *pris-*), sistimmaties (Nedl. *sisteam-*).

(5)

(V. egter bls. 136.)

Nedl. [ē] (onbeklemt.) — *Eng. & Afr.* [ə].

Nedl. selectie (seeleksie)	Nedl. spesifiek (speesiefiek).
Afr. seleksie (silleksie)	Afr. spesifiek (spissifiek).
Eng. selection (silleksjin)	Eng. specific (spissifiek), ens.

Nedl. [ě] (onbeklemt.) — *Eng. & Afr.* [ə].

Nedl. perceptie (persépsie)	Nedl. commercialiseeren* (kommersie-)
Afr. persepsie (pirsépsie)	Afr. kommersialiseer (kommirsjie-)
Eng. perception (pissépsjin)	Eng. commercialize (kommisjje).

Egter ook eg-Afr. *pirsoonlik*.

(* Bestaan nie.)

So ook : *Nedl.* [a] (onbeklemt.) — *Eng. & Afr.* [ə].

<i>Nedl.</i> coalitie (kooaliesie)	<i>Nedl.</i> proklamatie (prooklamaasie)
<i>Afr.</i> koalisie (kooilliesie) @	<i>Afr.</i> proklamasie (prokklimmaasie)
<i>Eng.</i> coalition (kouilliesjin)	<i>Eng.</i> proclamation (prokklimmeisjin).

So ook : *Nedl.* [ō] (onbeklemt.) — *Eng. & Afr.* [ə]
(vgl. ook by *O*).

<i>Nedl.</i> disconnecteeren* (diskonnekteeri)	<i>Nedl.</i> professor (proofessor)
<i>Afr.</i> diskonnekteer (diskinnekteer) @	<i>Afr.</i> professor (proofessir).
<i>Eng.</i> disconnect (diskinnekt) (* Bestaan nie.)	<i>Eng.</i> professor (proufessi(r)).

Sensor is so kultuuragtig dat dit nie op klankwettige wyse *Afr. sensir* kan word nie. Stel hierteenoor die volkswoorde *Wellington* (nie *-tin* nie), *Newton* (dorpie), ens.

So ook : *Nedl.* [ō] (onbeklemt.) — *Eng. & Afr.* [ə]

<i>Nedl.</i> phosphorus (fosfoorus)	<i>Nedl.</i> grammophon (grammoofóón)
<i>Afr.</i> fosforus (fosfirrus)	<i>Afr.</i> grammofoon (grámmafoon)
<i>Eng.</i> phosphorus (fosfirrus)	<i>Eng.</i> gramophone (ghrémmafoon).

So ook : *Nedl.* [ie] — *Eng. & Afr.* [ə] (vgl. by *I*).

In *Afr.* veel meer as in *Nedl.* is hierdie soort woorde boekwoorde, wat dus versigtig uitgespreek word—elke letter ontvang gewoonlik sy teoretiese waarde. Sodra so 'n woord egter uit die boektaal in die alledaagse spreektaal kom, sluit hy hom aan by die uitspr. van sy *Eng.* ouboet ; bv. inflammasie (*-flim-*), parade (*pir-*), sertifikaat (*sir-*), merino (*Afr. mirrienoe* teenoor *Nedl. meerienoo*). Daarenteen vind dgl. verdowwing van die klinkers in *Afr.* ook plaas heeltal buite *Eng.* invloed om (bls. 136), bv. spektakel (*spik-* teenoor *Eng. spek-*), dokter ('n baie ou woord), korperaal (*Stoett*: Moortje 2210, 2401), generaal, *pebliek*. By geleerde boekwoorde sal dit egter nie vanself gebeur nie, en moet ons aan *Eng.* invloed dink, bv. *pirsepsie, ennirgie*.

(6)

Nedl. eind- [ə] — *Eng. & Afr. eind-* [a] @.

Nedl. Brittanje (brittanji).
 Afr. Brittanje (brittanja)
 Eng. Britannia (brittenja).

So ook *Persia, Iendia, njeumoonia*,
 ens.

(7)

Nedl. eind- [ə] — *Eng. & Afr. niks.*

Nedl. type (tiepe, soms tiep)
 Afr. tiep (tiep) @
 Eng. type (taip).
 Nedl. machine (masjiene)
 Afr. masien (missjien)
 Eng. machine (missjien).

Nedl. seconde (seekonde)
 Afr. sekond (sikkont) @
 Eng. second (sekkind).
 Nedl. sardine (sardiene)
 Afr. sardien (sardien)
 Eng. sardine (saadien).

So ook : *aspirien, urien, oksied, piramied*, ens.

Volgens de Grave (240 vlgg., 295) word bv. *typ* alleen gebruik deur mense wat Frans ken (242, 246). Na 'n konsonant is eind- [ə] in Fr. nog tot ongeveer 1600 uitgespreek, daarna slegs na konsonantgroepe, bv. *peuple, quatre*. Om te sien hoe min die Fr. met die Afr. te maak het, vgl. die ou (Bybelse) *sekte* (Fr. *secte*) met die in Afr. nuwe *seks* @ (Fr. *sexe*).

Om die letter E op te som : Die Nedl. uitspr. gee by basterwoorde baie min leiding in Afr. ; die Eng. gee gewoonlik die deurslag, bv. nou hoër as Nedl. (bv. 2, 3, 4), nou laer (bv. 1).

Uitspraak van die letter I.

i in Nedl. basterwoorde = (a) [i̇] in oop lettergrepe ; bv.
combinatie ;

(b) [I] in geslote lettergrepe ;
 bv. *ignoreer*.

i in Afr. basterwoorde hang van die S.-Afr. Eng. af. Die S.-Afr. Eng. is in hierdie opsig nog nooit grondig bespreek nie ; hier volg dus 'n opsomming :

Std.-Eng. [I] word gewoonlik S.-Afr. Eng. [ə] ; maar word [i]

(a) na [?, h, g, k] ; *imperial, hippo, gift, kill*.

(b) voor [ʔ (of klinker), g, k, ng, nj, (t)sj, (d)zj];
material, dignity, sick, sing, pinion, dish (ditch),
fissure (ridge).

(c) aan die end van 'n woord; city.

Dis moontlik dat die Afr. in 'n paar gevalle die Eng. beïnvloed het.

Stem die Afr. letter *i* in basterwoorde met S.-Afr. Eng. [i] of [ai] ooreen, word hy gewoonlik as *ie* uitgespreek, *wat ook al die Nedl. uitspr. is*; stem hy met die S.-Afr. Eng. [ə] ooreen, word hy gewoonlik as [ə] uitgespreek, *wat ook al die Nedl. uitspr. is*.

(1)

S.-Afr. Eng. & Afr. [ə] — Nedl. [i].

minister (minnister)	(mienister)
civiel (siffiel)	(sieviel)

Ander: admitteer, allitterasie, artistiek, biljoen, diwiesie, kliniek, kritiek, minneraal, primmittief, spirittus (spierie-), ens.

(2)

S.-Afr. Eng. [ai] & Afr. [i] — Nedl. [i].

primary (praimirrie) & (priemër)	(priemêr)
minor (mainir) & (mieneur)	(mieneur)
private (praiwit) & (priefaat)	(prie vaat)

Vgl. *littirrêr* (Eng. *littirrie*) en *lietootees* (Eng. *laitouteez*, Nedl. *lietootess*); *Fillippense* (Nedl. *Fie-*) en *fienalieteit* (Eng. *fainellittie*); *wissittasie* en *wiewasieteit* (Eng. *waiwesitie*); *minnuut* en *tieran* (Eng. *tairint*). Kortom: Afr. [i] stem altyd met S.-Afr. Eng. [(a)i] ooreen, maar nie altyd met Nedl. [i] nie; bv. *linoleum* (*linnoulieëm*, Nedl. *lienoolieëm*), *linotyp* (Eng. *lai-*, Nedl. *lie-*).

(3)

Normaal word Nedl. [i] en [I] tot Afr. [ə]:

S.-Afr. Eng. & Afr. [ə] — Nedl. [I].

(diskrimminisjin) & (diskrimminasie) (diskriemienasie) (*nie Nedl.*)

Hierdie reël geld ook Germ. woorde, bv. *kind*; word hy dus verbreek, moet ons gewoonlik Eng. invloed aanneem; word hy nie verbreek nie, is dit 'n geval van Nedl. = Eng. = Afr. Hy word in die volgende gevalle verbreek:

(4)

S.-Afr. Eng. & Afr. [i] — Nedl. [I].

- (a) *Na* ? : iegnobel, iegnoreer, illegaal, ielliberaal (Afr. & Eng. iellibb-, Nedl. illieb-), iembesiel, iemmens, iemmiegrant, ienkwisiesie (Afr. & Eng. ienkwiss-, Nedl. inkvies-), Iendieë, ienspekteur @, ierritteen (Afr. & Eng. ierriit-, Nedl. irriet-), ens. Hoe meer ingeburger, hoe minder *ie*, bv. inspekteur, industrie, in-memoriam, impertinent.
- Na h* : hiesteries, hiestories, hieppo(u), hiestologie, hiemne, hiepnoteer, hiendoe (t.o. *hinder*, *Hiskia*, ens.).
- Na g* : in Afr. net Eng. leenwoorde; bv. ghienie.
- Na k* : kielogram, kiosk, kiemono, kiena, kienema. Geval van Nedl. = Eng. = Afr. So ook die volgende :
- (b) *Voor* ? : fie-asko, kommissarie-aat, morratôrie-im, kontensjiejie-eus, perie-ode, pirsonniefe-eer, biblio(tekaris, ens.), (provins)ieaal, ens.
- Voor g* : diegnittaris (Nedl. *digniet*-, maar *diferietis*, *diferent*, Nedl. *dieferent*), fiegurant, piegment, piegme (so gespel Wdlys 1923) ens. As die *i* in 'n oop lettergreep staan, is dit 'n geval van Nedl. = Eng. = Afr., bv. *bigamie*, *bigot*, ens.—maar Nedl. ≠ Eng. = Afr. by *siggirret*.
- Voor k* : B.Sc.-aghriek, dieksie (t.o. *dikte*), boakonstriektor, mediekus (t.o. *midde-seine*—in 'n suiwer Afr. woord word Nedl. baster *ie* selfs in 'n oop lettergreep tot *a*: Nedl. *meedieseine*), artiekjoelasia, predieksie (t.o. *predikkant*) fieksie, konflikt, prefieks, sieklóop (× sillinder), vektorieus, ens. As die *i* in 'n oop lettergreep staan, is dit by nuwe basterwoorde 'n geval van Nedl. = Eng. = Afr.; by ou woorde word Afr. tot [ə].
- Voor ng* : ienstienkt @ (maar *gestink*), distienksie, flamienghoe (maar *flamink*), liengoeis (t.o. *v. d. Lingen*), liens (lynx, t.o. *links-regs*), siengu(-larij, ens., t.o. *omsingel*), ens.
- Voor nj/i* : dominium, mieniatuur, lienie-êr, ens. Byna altyd in oop lettergrepe, en dus Nedl. = Eng. = Afr.
- Voor sj* : kommissie @ (Nedl. kommissie), ambiesjiejie-eus, ens. Byna altyd in oop lettergrepe en dus Nedl. = Eng. = Afr.—maar kommissiejonêr, derwiesj (Nedl. [I]).
- Voor zj* : orriezjinneel (teenoor Nedl. oorriezjineel); altyd in oop lettergrepe en dus Nedl. = Eng. = Afr.
- Voor dzj en tsj* : sulke woorde bestaan nie in Afr. nie.
- (c) *End* : Nedl. = Eng. = Afr., bv. alkalie.

Die verhouding tussen S.-Afr. Eng. [i] en Afr. [i] :

Normaal stem Nedl. [i] & [I] met suiwer-Afr. [ə] ooreen, bv. lavooren (*ivoor*, blykbaar *iffoor* uitgespreek), clamaat (*klimaat*), dereck (almal Trigaidt); in nuwe woorde stem Eng. [ai] met Afr. [i] ooreen. In 'n paar gevalle vind ons Nedl. [i] × Afr. [i] × S.-Afr. Eng. [ə], bv. pilaar (*pie-*), sieto-sieto, dieto, aggietasie, hospietaal, Kalfienisme, sienisme, mierakel, (univers)-ieteit. Oorspronklik was daar in S.-Afr. Eng. soos in Std.-Eng. vandag g'n merkbare onderskeid tussen die verskillende soorte [I] nie; vandaar missies × miesies, tikket × tieket, sikspens × siekspins. Hoe die onderskeid ontstaan het, is moeilik om te raai; dat, toe dit ontstaan het, dit deur die invloed van Afr., wat net [ə] en [i] ken en nie [I] kan uitspreek nie, vasgelé is, is feitlik seker. Dit moet teen 1900 al vasgelé gewees het. Veral van dié tyd af bestaan die Tweede Afr. Taalbeweging, wat die gebruik en opheffing van Afr. ten doel het; veral van dié tyd af het die Afr. geskifte en taal groot aantalle basterwoorde begin besig. Op dié manier het S.-Afr.-Eng. weer op sy beurt die kans gekry om Afr. te beïnvloed, soos by die [i] en [ə] bewys is. Daarenteen het Nedl. & Afr. waarskynlik ook die S.-Afr.-Eng. uitspr. in sommige gevalle beïnvloed; bv. *hospietil* i.p.v. *hospittil*, *mieniemim* i.p.v. *minnimim*, *opienjin*. Die S.-Afr.-Eng. uitspr. wissel in desen nog sterk af.

Uitspraak van die letter O.

o in Nedl. basterwoorde = (a) [ō] in oop lettergrepe, bv.
mo-deratie;

(b) [ö] in geslote lettergrepe,
bv. *correct*.

o in Afr. basterwoorde hang van die Eng. af:

(1)

Fr. & Nedl. [ō]

Eng. & Afr. [ö]

monument (moonuum-)

(monjoem-)

curiosite(it) (kuurioo-)

(kjoerioss-)

Ander: konsollideer, sjokkelade (De Waal: Oorlog: sokkelaad), modderator, modderasie (Nedl. selfs *mooderatie*), popjoelêr, orratôriou, monstrossiteit, kommittee, demooobiliseer × demorralliseer, Doomini-kaan × dommineer, poosiesie × possittief, prootes × wollume, ens.

(2)

(Letters AU)

Fr. & Nedl. [ō]*Eng. & Afr.* [ō]

autorite(it) (ootoorie-)

(ōtorr-)

So ook : ôtoubieográfies, ôstrália, ôgústus (maar : Agus—jong se naam), ens.

Gewoonlik word Nedl. *au* verkeerdelik tot *ou* ver-Afr. : *otoriteit* sal miskien aan die begin nie mooi lyk nie, maar dit sal die suiwer Nedl. uitspr. bevorder.

(3)

(Vgl. E : (2))

Fr. & Nedl. [ō]*Eng. & Afr.* [oe]

(Eng. varieer : ə - oe)

posities (poo-)

(poe-)

So ook : proefessir, poeliesie, ens.

(4)

Fr. & Nedl. [ō]*Eng. & Afr.* [oe] (Varieer)

connectie (konn-)

(koe-) @

So ook : koerreksie, koellekte, ens.

Uitspraak van die letter U.

u in Nedl. basterwoorde = (1) [y] in oop lettergrepe, bv.
brutaal.

soms (2) [y] in geslote lettergrepe,
bv. *resultaat*.

u in Afr. basterwoorde hang van die Eng. af :

(1)

Fr. & Nedl. [uu]*Eng. & Afr.* [joe]

(Afr. soms juu/ji)

situatie (sietuua-)

(sitjoea-)

cultuur (kuult-)

(kult-)

So ook : joerisdieksie, amjoeser, kontinjoëiteit, Jessoeiet, djoenieër, konkloesie, soloesie, monjoement, depjoetasie, natjoerel, Joenie, Joelie, Joed(e)a, loesérn, broenét (Nedl. bruunette), soeper(ioriteit), instroement, ens.

Ander faktore het miskien meegewerk :

(a) *Duitse invloed.* Die meeste woorde waar Nedl. *uu* tot Afr. *oe* word is egter jonk (d.w.s. lank na Du. invloed bestaan het), en dit behoort in die geval van Du. invloed nie *joe* nie maar *oe* te geword het. Boondien is alle Du. eiename met *u* in S.-Afrika ver-Afr., bv. Kruger (Afr. kruuër), Luther, Duvenhage (Plat-Duits), Wolhuter (Basel), Truter.

(b) *Latynse of Bybelse invloed.* Loekas, Soesanna (Luk. 8 : 3), Drosilla, Joedas, Roefus, ens. Hulle is te beperk om merkbare invloed uit te ge oefen het.

(c) *Dissimilasie.* Die *uu* is 'n moeilike klank : dit vereis sterk lipron ding + hoog voor artikulasiepunt. Na 'n tand(boog)medeklinker is dit nog moeiliker : sowel die onderkaak as die tongpunt moet inmid dellik ná die vorming van bv. *t* 'n hele ent afsak om *uu* voort te bring, en boonop moet die lippe onmid dellik sterk gerond word. By die produksie van tand(boog)medeklinker + *oe* is die enigste verandering wat plaasvind dié onvermydelike : die voorste gedeelte van die tong kom weg van die tand(boog) teneinde die medeklinker self voort te bring ; daar is feitlik g'n afsakking van die onderkaak of ronding van die lippe nodig om *oe* uit te spreek nie. Die moeilikheid by die uitspreek van *uu* is dus nie in die tongposisie alleen geleë nie, maar in tongposisie + lipron ding : dis net so maklik om *tietiet* te sê as *toetoet*. Dan is dit verstaanbaar waarom ons soms van *roesie*, *roegare*, *spoeg*, *soetjies*, *stoedie*, *Joenie*, *joeweel* praat. Maar gesien die woorde waar tand(boog)medeklinker + *uu* skynbaar sonder inspanning uitgespreek word (bv. die vanne hierbo), kan ons konkludeer : As die letter *u* in 'n oop lettergreep in 'n Afr. basterwoord as (j)*oe* uitgespreek word, is dit so te sê altyd aan Eng. invloed te wyte, al kan dissimilasie meegewerk het.

(2)

Fr. & Nedl [uu]

balustrade (baluu-)
republiek (reepuu-)

Eng & Afr [u] (soos in *lus*)

(balust-)
(rippub-)

So ook : luks (Nedl. luukse), subliem (Nedl. suu-), fakulteit, illus-trasie, insubbordinasie, jus-tisie, lus-tre, publikasie, resul-taat, suk-ses, sur-plus, sur-rogaat, sus-pek, ens.

VARIA. *Uitspraak van die letters—*

ao.

Nedl. kakao (kakóu), Eng. (kougou), Afr. (kakao) spellinguitspr. Sowel Nedl. as Afr. kom uit Eng.

eu.

Nedl. euphemisme (uifee-), Eng. (joefi-), Afr. (eufee-)—spellinguitspr.

So ook : eucalyptus (gewoonlik Eng. uitspr.), eucharisties, Eúclidees (Nedl. Euclídess), eugenetiek, eufónie (Nedl. euphonie), Eurydice (spellinguitspr. deur Bybel), Euterpe.

nieu.

In Afr. is hierdie verbinding (waar dit in die spreektaal van die gewone man voorkom) nie Nedl. nie, maar Eng., sowel wat oorsprong as uitspr. betref; bv. Eng. & Afr. (njoe-jók), Nedl. (nieu-jork); (njoemodies).

Hierteenoor is seldsame (en dus vir die spreektaal onbelangrike) akademiese woorde soos *Nieu-Nederlands* en *Nieu-Engels* natuurlik sappiger Dietsers. Met die new-fashioned *nieuwodies*, vgl. die ouderwetse *nurwets*.

KLEMTON EN KLANKWAARDE.

(a) In die geval van verskeie woorde wat onder die hierbo-geformuleerde reëls behoort te kom, wyk die Afr. uitspr. af van die reëls en dus ook van die Eng. ;

(b) in die geval van ander woorde stem die uitspr. van ou, veelgebruikte woorde wat onmoontlik in Afr. onder Eng. invloed kon ontstaan het, weer met die hierbo-geformuleerde reëls en dus met die Eng. ooreen; bv.

(a) *produseer* : Afr. pröd-, Eng. prō- ;
produk : Afr. prō-, Eng. pröd-.

(b) *populier* : Nedl. poopuu-, Afr. poppi-, Eng. pop-
 (soos *populêr*).

caduc : Nedl. kaduuk, Afr. kaduks, Eng. ? (so ook die ou woorde *musiek, tirmult, pibliek*)

Is hierdie verskynsel aan gebrek aan klemtoon te wyte ? Dit gebeur soms in Frans en Nedl., bv.

Fr. *événement* (eeveenēm-) word (eeveenəm-) word (eeveenm-) word (eevēm-).

Mnl. *heremiet* (heerēm-) word (heerəm-) word (heerm-) word (hěrm-).

Vnnl. *kolonel* (kooloonel) word (kornel) (Bredero : Moortje 2238), Afr. (kolnel).

Sodanige verkorting is egter die onmiddellike gevolg nie van die gebrek aan klemtoon nie, maar van die wegval van 'n onbeklemtoonde en dus verswakte klinker. In byna alle gevalle waar Eng.-Afr. [ě] of [ō] ooreenstem met Nedl. [ē], is daar g'n sodanige elisie nie (die woorde is trouens te jonk in Afr.); bv. *element*, nooit *elment* nie.

Sommige Afr. basterwoorde kom *nie* uit Eng. nie (lank voor 1806 miskien al gebruik), maar is *tog nog deur die voorbeeld van die Eng. woord beïnvloed*, soos waarskynlik *element*. (Hy is in sy *element* : angl. ook in Nedl.) Daar is ook egter gevalle waar die Afr. klinker verkort is maar nie met die Eng. ooreenstem nie : *serieus* (sirjeus @, Eng. seer-), *generaal* (gin-, Eng. djen-), *resitasie* (ris-, Eng. res-), *resolusie* (ris- @, Eng. rez-), *senator* (sin- @, Eng. sen-), *sekondeer* (sik- @, Eng. sek-), *prefereer* (prif- @, Eng. prief-), *departement* (dip- @, Eng. diep-), *reserveer* (ris- @, Eng. ries-), *spesifiek* (spes- @, Eng. spiss-), ens.

(@ : soms ook die Eng., bv. seerie-eus.)

So ook *o* :

professor (prof- @, Eng. pro-), *prokureur* (prok-), *promoveer* (prom-), *proponent* (prop-), *prosedeer* (pros-), *prosedure* (pros-), ens.

(Onregstreekse Eng. invloed is moontlik ; v. bls. 125.)

As ons die volgende so volledig moontlike lys vir *e* ondersoek, vind ons dat, al oefen die klemtoon invloed uit, dit vergeleke by die invloed van die Eng. uitspr. baie min te bedui het :

(a) *Die klemtoon val op die e :*

eepies¹, eeties¹, errieka³, Errin³, Eeros². (Die eerste twee is akademiese woorde. Die enig moontlike oorsaak van die verskil tussen *Errin* en *Eeros* is die Eng.)

(b) *Die klemtoon val een lettergreep agter die e :*

eepiek⁴, eetiek⁴, eepistel², eelasties², eelektries², eeklekties², eemosie², eenorm², eerupsie² (ens.), eeroties⁴, eelips³, herraldies³, heeroïes².

(c) *Die klemtoon val twee lettergrepe agter die e :*

eksperriment³, ennirgiek³, eppidemies³, eppiegram³, eppiekuur³, eppilepties³, essoteries³, ettieket³, ewwolusie³, ellokusie³, ellewasie³, emmendasie³, emmiegrasie³, eminent³, emmulasie³, sepparasie³ (ens.); eelastiek⁴, eeruptief⁴; deffinniesie³ (Nedl. deeffieniesie) × deeffensief²; delliekaat³ × deelinquent²; herraldiek⁴ × heeroïek⁴; perrifrase³ × peeriode²; regguleer³ × reegressief²; rellewant³ × reelaksasie²; remmedie³ × reepirkussie³; rewwerensie/rewwolusie³ × reewokasie²; reppetisie/reppjoetasie³ × reeproduksie²; reffereer³ × reeonseer²; referensie³ × reekonstruksie²; referendum³ × reflekteer²; ens.

(d) *Die klemtoon val drie lettergrepe agter die e :*

eenormiteit⁴, eemosioneel⁴, eksperrimenteel⁴, eppiegrammaties⁴, ettimologies³, deffinnittief⁴, feenomminnaal²; eppiekuris³ × eepiskopaal²; ellementêr³ × eelimminnasie/eemoljoement/eewaporeer³ × eemansipeer², ens.; dekkoratief³ (dekkorasie⁴) × deelibberasie³, sepparatisme⁴ × sikkuriteit³ (Nedl. see-), perrifraseer⁴/perripateties³ × peeriode², ⁴.

(e) *Die klemtoon val vier lettergrepe agter die e :*

eelektrisiteit⁴, eelastisiteit⁴, ettimologie⁴, ewwolusionis⁴.

Klaarblyklik het die Eng. invloed veel meer te beduie as die klemtoon. Dit geld eweseer van die ander klanke. Ons kan net 'n paar voorbeelde gee vir *O* en *I*, en dan 'n bietjie meer vir *V* omdat laasgenoemde die maklikste as klemverskynsel buite Eng. invloed om kan verklaar word:⁵ óppera³ × óopium²; lojjáal³ × lookáal²; tolleránsie³ × toopográaf²; prosselfet³ × proononséer²; prowwokásie³ × prootokól²; prottestéer³ × prootoplásma²; demorralliséer³ × demoobiliséer².

'n Paar eg-Afr. woorde verkort ook die *o*: *krokkedil*³, *proffetés*³, *proffetéer*³ (v. bls. 154); van 'n Eng. oorsprong kan by hierdie woorde g'n sprake wees nie. Stel daarteenoor egter: *progressief*², *proojektéer*², ens.—dieselfde klemtoon, maar die Eng. het 'n lang *o*. Vergelyk ons eg-Afr. woorde met voelbaar-vreemdes, bemerk ons dadelik die verskil in uitspr.:

(Nedl. *ō*) *ooblietjie* × *obbliegasie*³, *ooránje* × *orrdakel*³; *doominee* × *dommino*³;

(Nedl. *ē*) *Péetrus*² × *pétril*/*pettrifikásie*/*pittr óleum*³;

(Nedl. *ě*) *perkamént*¹ × *pirmanént*³ @ (g'n Eng. woord kon *perkamént* beïnvloed nie, dus is hy suiwer); ens.

In baie gevalle het die Eng. bloot die uitspr. van die reeds bestaande woord beïnvloed; bv. (miskien) *gofferneur*, *gorneur*, *gorment* (die Eng. *u* stem ooreen met Afr. *o*, bv. *tunnel* × *tonnel*, *dummy* × *dommie*); hy is nie by sy *possitiewe* nie. Bestaan daar egter nog ander tekens van Eng. invloed by 'n bepaalde woord, is ons geregtig om 'n Eng. oorsprong aan te neem; bv. *promminent*—uitspr., betekenis, gebruiksfêre.

I: *diektatúur* × *dissiplíne*; *lieniêr* × *litteráries*;
viesiôen × *vissitásië*; *advieséer* × *kredittéur*.

V.

1. **Aanvangs-V** (ander voorbeelde in Afr. Woordelys of Woordeboeke):

(a) *Die klemtoon val op die V-lettergreep*:

waas × *fabond*; *weto* × *Fikter* (Eng. familienaam *Victor*); *wesper* × *fersie*; *wisie* (*vision*) × *fisie* (*-kanselier*); *willa* × *fief* (Fr. *vif*); *woltameter* × (*nolens*) *folens*.

(b) *Die klemtoon val een lettergreep agter die V-lettergreep*:

wakuum × *fakansie*; *walensie* × *fandiesie*/*fulkaan*; *weranda* × *fenyn*; *wibreer* × *fisier*; *wignet* (*vignet*) × *Fillet*/*Filjee* (*Vilhiers*)/*Filjoen*/*Fisee*/*Fisasie*; *wokaal* × *fool*⁶; *wolume* × *fermeer* (*vomeer*); *wiriël* × *fernis*; *fitalispoeier* × *wiskose*.

(c) *Die klemtoon val twee lettergrepe agter die V-lettergreep* : waluasie × fakature ; Wandalisme × Fandermerwe ; waseline × faselagtig ; wisionêr × fisenteer ; woluntêr × fieterjoel / fomitief.

(d) *Plekname* :

Wesúwië⁷, Wenésië, Watikáan @, Wenezuëla, ens.

Hierdie voorbeelde lewer afdoende bewys dat by

- (i) eg-Afr. woorde (d.w.s. Germaans, baie oud, of gebruiklik) aanvangs-V altyd *f* uitgespreek word;
- (ii) onegte basterwoorde (d.w.s. onder Eng. invloed) aanvangs-V altyd *w* uitgespreek word.

In sommige gevalle (bv. *vakansie*, *vakature*, *vulkaan*) is die woorde betreklik jonk maar verskil te veel van die Eng. om deur die Eng. beïnvloed te word ; vgl. die volgende.

2. **Middel-V** (vgl. Woordelys xxx) :

(a) *Die klemtoon val een lettergreep voor die V-lettergreep* : balsem kopiefa.

(b) *Die klemtoon val op die V-lettergreep* :

prewensie × prifaat/mofeer ; obserwasie (Wdlys 1923) × obserfeer⁸ ; perwers × lafentel ; prowisie × aktifeer⁹ ; rewisie × motifeer⁹ ; adwent × adfies ; adwerbium × adfies¹⁰ ; Sint Witusdans (Nedl. uitspr. *Sintfietus*).

(c) *Die klemtoon val een lettergreep agter die V-lettergreep* : Adwētis × adfiseer/adferteer/adfokaat ; galwanisme × Kalfinisme ; dewalwasie × efangelie¹¹ ; rewolusie × gefolmaak ; prewentief⁴ × gefergeet ; obserwatorium⁴, perwersiteit⁴, provisioneel⁴, adwerbiaal⁴ ; aktiwiteit × aktifeer : *gebruiklike activity* × *ongebruiklike activate*.

¹ Nedl. en Afr. stem ooreen, maar verskil van Eng.

² Nedl., Afr. en Eng. stem ooreen.

³ Eng. en Afr. stem ooreen, maar verskil van Nedl.

⁴ Die klemtoon is anders as in die vorige afd., maar die uitspr. bly dieselfde.

⁵ Die Afr. klank *f* word byna altyd *w* aan die begin van 'n onbeklemt. lettergreep tussen twee klinkers ; bv. doof—do-we, Da-wid.

⁶ Eng. en Afr. egter *violoncello* (Nedl. *violoncel*).

⁷ Eng. en Afr. *wissóewis* (Nedl. *Ve-suu-vië*).

⁸ Eng. eind-V in *observe* is byna stemloos.

⁹ Eng. *provision*, *revision* dikwels gebruik ; Eng. *activate*, *motivate* bestaan skaars en kon dus g'n invloed uitoefen nie. Miskien *aktief*, *motief* × *aktifeer*, *motifeer* ?

¹⁰ Eng. *adverb* word, veral op skool, dikwels gebruik ; Afr. *adwerbium* miskien Latyn ?

¹¹ Eng. Afr. *devaluasie*, Nedl. *devalvasie*.

Invloed van die klemtoon kan hier nie ontken word nie; bv. Eng. *province* (waarskynlik gebruikliker as *provincial*) × Afr. *profinsie* × Afr. *prowinsjiaal*; selfs hier is Eng. invloed egter onbetwyfelbaar. Soos o.a. die eerste ses woorde hierbo aantoon, gee die Woordelys se reëls (blss. xxx-xxxii) gladnie 'n getroue weerspieëling van die toestand van sake nie: Dis nie woordfamilies (37. b. i-ii) of selfs klemtoon alleen (37. b. iii-iv) wat die deurslag gee nie, maar (a) Eng., (b) klemtoon, (c) woordfamilies.

WOORDFAMILIES EN KLANKWAARDE.

Tweede faktor wat buite Eng. invloed om die uitspr. van die Afr. basterwoorde kan wysig, is die "analogiese werking van woordfamilies". Daar bestaan nl. groepies woorde wat weens uiterlike voorkoms of/en innerlike gedagtegang by mekaar hoort en mekaar beïnvloed. Die lid wat die populêrste is sal natuurlik die meeste invloed uitoefen; hy hoef nie noodwendig die stamvader te wees nie. So *koemiesie* × *kommittee* (Nedl. *kommis-* × *koomie-*); *masjienerie*, *musiek*-aal, *klassiekaal*, ens., soos *masjiën*, *musiek*, *klassieke*, ens.; *mietologie*, ens., soos *miete*; *advieser* soos *advies*; *persooneel* soos *persoon*; *perwersiteit* soos *perwers*; ens. Van die drie faktore is hierdie een egter die mins belangrike; die ander twee beslis gewoonlik; bv. *dissiepel* (Eng. *ai*) × *dissipliene*; *kriddiet* × *kredditteur*; *lieries* × *lirriek*.

TAALKRINGE EN KLANKWAARDE.

Die laaste faktor is die taalkring waarin die bepaalde woord gebruik word. Die Afr. student wat in die klaskamer met sy Afr. professor op suiwer Afr. van *sjookoolaa*, *poeding* en *vla* praat, moet hare op sy tande hê om tuis aan sy Ma te sê: "Ma, asseblief nog 'n bietjie sjookoolaápoeding en fanielje-vla," in plaas van "tjokletpoedieng en winóilla-kastird." Hierdie indeling—huis-Afr. en skool-Afr.—sluit die oneindige verskeidenheid taalkringe in (bv. *kleurling*-, *verengelste* en *predikante-Afr.*), en is op die werklik psigologiese verdeling gebaseer: die onbewus- en die bewus-aangeleerde.